**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR : AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG (Eerste Vraestel)**

---

# AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Leesteks 1: Redaksionele kommentaar – Vigs-krake

1.1 Slagoffers van verkragting en babas het geen keuse gehad in die opdoen van die MI-virus nie. (1)

1.2 Hy het besluit om teenvigsmiddels in (staatshospitale) aan slagoffers van verkragting te gee. / Omsien na die belange van die slagoffers. (1)

1.3 Die gesloer met 'n konsepwetgewing wat reeds in 2000 goedgekeur is en in 2002 eers parlement toe is./ Die toutrekkery oor die spesiale melkformule wat babas moet kry. (Slegs een) (1)

1.4 konsepwetgewing (paragraaf 4) (1)

1.5 vermeende: hy word verdink van die verkragting.
veroordeelde: hy is skuldig bevind aan die verkragting. (elk 1 punt) (2)

1.6 Om te verhoed dat die babas ook Vigs kry. (1)

Leesteks 2: Huldeblyk – Hansie Cronjé

1.7 In hierdie teks word hulde gebring aan Hansie Cronjé na sy dood.
In die teks, Vigs-krake, lewer die skrywer kommentaar na aanleiding van die vigskwessie in Suid-Afrika. / Feitelik teenoor emosioneel. (2)

1.8 "skokgolwe" / "vibreer" (1)

1.9 Figuurlik. Om 'n groot indruk te maak / groot dinge gedoen / hoogtes bereik (Letterlik = 0) (2)

1.10 1.10.1 Wanneer dit nie gekeer kan word nie. / sal altyd so wees / nie verander nie / onkeerbaar / onvermydelik / kan nie ontslae raak nie. (1)
1.10.2 Hansie se lewe as toets- en eendagkrieketkaptein.
Hansie se knoeiery en die geld wat hy onwettig ontvang het. / suksesvolle teenoor korrup (2)

1.11 1.11.1 iemand anders uitgestof het / beter presteer het / oorwin / wys die ander hoe om te wen (2)

1.11.2 dikwels / baie keer / keer op keer / oor en oor (1)

1.12 1.12.2 - teenstellend

Leesteks 3 : Resensie - Daar's vis in die punch

1.13 Sy skryf oor dinge wat tieners raak waaroor daar nie eintlik gepraat en geskryf word nie. / openlik / nie bang om te praat nie / sy het gewaag. (1)

1.14 verskillende / verskeie / uiteenlopendheid / verskeidenheid (1)

1.15 Hulle is in die regsberoep. / prokureurs / advokate (1)

1.16 Die realiteite van die lewe en hoe om dit te hanteer. / die soet en bitter van die lewe hanteer / die goed en die sleg van die lewe hanteer. (1)

1.17 Sy soek na dinge wat deur alle tieners oral dieselfde ervaar word. / alle tieners in gemeen het / gemeenskaplike faktor / alle tieners aanraak / tieners identifiseer. (1)

1.18 Dit sluit aan by die styl van die boek. / Dit is die taal wat die tiener in die boek gebruik. / Dis hoe tieners praat / Resensie geskryf deur 'n graad 12-leerling (1)

1.19 Hulle is albei ook gr. 12-leerders. / Dieselfde ouderdom / Ek is dieselfde ouderdom as hulle. (1)

1.20 Tieners / Tieners wat *Jip* lees / Tieners wat graag lees. / Jongmense / Hoërskoolleerders / Jeug (1)

Leesteks 4: Spotprent – Selebi en Mbeki

1.21 Jy mag nie oor 'n selfoon praat terwyl jy bestuur nie.
Jy mag nie (in openbare plekke) rook nie. /rookwet (2)

1.22 Die persone wat die wette maak en moet sorg dat dit toegepas word, oortree self die wette. / Die wetmakers oortree self die wette. (1)

1.23 Hy stem saam met dit wat minister Selebi sê. / Hy verstaan / Hy begryp wat die minister sê. (1)

**[30]**

## AFDELING B

## VRAAG 2
## PRÉCIS

### WENKE VIR DIE NUWE JAGTER

FEITE:

1 Loop regop by hoë plantegroei.
2 Hou 'n boom tussen jou en die wildsbok
3 Loop versigtig en gee kort treë.
4 Staan doodstil wanneer bok in jou rigting kyk.
5 Laer plantegroei as jyself, loop gebukkend met hande op knieë. / maak egalige bewegings.
6 Skuiling beperk en laag, seil stadig en versigtig / sonder geraas.
7 Stap oop en bloot op terrein waar nie kan kruip.
8 Loop regop in terrein waar nie kan kruip.
9 Beweeg in halfsirkels nader aan wild.
10 Skiet wanneer naby genoeg.

Loop regop in hoë plantegroei. Loop versigtig en gee kort treë. Staan doodstil wanneer die bok in jou rigting kyk. Wanneer die plantegroei laer as jyself is, loop gebukkend met jou hande op jou knieë. By lae of geen bosse nie, moet jy kruip met egalige bewegings. Waar skuiling beperk is, seil stadig en versigtig op jou maag. Op 'n terrein waar jy nie kan kruip nie, loop regop in halfsirkels nader aan die wild en skiet wanneer jy naby is.
(81 woorde)

(10)

## AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAAL IN KONTEKS
## VRAAG 3

3.1 Iemand is 'n oorlas / in die pad. / pas nêrens in nie / oortollig / oorbodig / ekstra (1)

3.2 bloos (1)

3.3 ek / tweede ek / selfbeeld / die self (1)

3.4 Sy stem eggo deur die klowe. (ww.) //
Daar is 'n sterk eggo in die grot. (spelling tel nie) (1)

3.5 Uitroepteken / ! (1)

## AFDELING D

### VRAAG 4
### TAALVERSORGING

4.1 "superduime" / aanhalingstekens / " " (1)

4.2 gespierdste (1)

4.3 ratsvinnig - blitsvinnig (paragraaf 3) (1)

4.4 vroeër / e-pos (1)

4.5 Die feit dat die jonger generasie hul duime heeltemal anders gebruik - en dit instinktief gebruik waar die res van ons ons wysvingers gebruik - is interessant. / (1)

- waar die res van ons ons wysvingers gebruik -/
- en dit instinktief gebruik -

4.6 dr. Sadie Plant (1)

4.7 het , het
Londen , Beijing (2)

4.8 ons , ons - sonder 'n komma (1)

4.9 Plant wie - Plant wat (1)

4.10 ... staan soos 'n paal bo water ... (1)

4.11 verskeie boeke van – oor (1)

4.12 ... fisieke uitwerking op hulle het nie: die duim het ... (1)

4.13 ... mense wat grootgeword het ... (1)

4.14 ... diegene wat nie gewoond is aan selfone nie ... (1)

4.15 Daar is ook bevind ... (1)

4.16 teksboodskappe (par. 3)
interessant ( paragraaf 4)
invloed (paragraaf 5)
duimgenerasie (par.6)
vroeër / e-pos (vergelyk 4.4) (4)

[20]

## PRÉCIS/SAMEVATTING/OPSOMMING TAAL EN STYL

| | FEITE | UITSTEKEND (Foutloos, vloeiend. Goeie saamgestelde sinne) | BAIE GOED (Byna foutloos, vloeiend. Goeie teksgebonde enkelvoudige sinne) | GOED (Minder vloeiend. Goeie stelsinne. Enkele spel-en taalfoute) | GEMIDDELD (Onvolledige stelsinne met meer spel- en taalfoute. Telegramstyl) | ONDER-GEMIDDELD (Onsamehangende sinne met swak sinsbou. Baie spel- en taalfoute) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 8 + | 10 | 9 | 8 | 7 | 6 |
| BAIE GOED | 6 – 7 | 9 | 8 | 7 | 6 | 5 |
| GOED | 5 | 8 | 7 | 6 | 5 | 4 |
| GEMIDDELD | 4 | 7 | 6 | 5 | 4 | 3 |
| ONDER-GEMIDDELD | 2 – 3 | 6 | 5 | 4 | 3 | 2 |
| SKRAAL | 0 – 1 | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |

- 4 woorde oorskry: -1
- 5 woorde oorskry: -2
- meer as 5 woorde: -3
- aantal woorde nie aangedui: -1
- gejok oor woorde: -1 (moenie hare kloof nie!)
- meer as 1 paragraaf: merk net eerste paragraaf

verkeerde teks 0